***"Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi."***

***JOHANNES 8: 2-11 / NAGMAAL / 17 Feb. 2018***

**Inleiding:**

***1.***

---

Gemeente.

Elke keer as ons die koerant opgeblaai het, of die nuus aangeskakel het, word ons weer opnuut gebombardeer met 'n nuwe **stuk geweld, nog 'n verkragting, nog 'n moord.**

Ek hoef nie eers die name en omstandighede te noem nie. U weet presies van die gebeure en persone waarvan ek praat. Nie een van ons is onbewus daarvan nie.

Gedurende die tyd, waarin geweld teenoor vroue weer die hoogtes in geskiet het, het 'n vraag by my begin onstaan. Dalk het julle die selfde gewonder.

*Hoe is dit moontlik dat 'n persoon, 'n man, sulke afskuwelike dinge teenoor 'n ander persoon kan doen? Wat moet in jou kop aangaan om dit te kan doen?*

Natuurlik is die redes waarom geweld soos verkragting en moord plaasvind baie, en amper uniek tot elke situasie.

Ek is egter oortuig dat daar een **oorkoepelende oorsaak** vir hierdie tipe geweld is.

- 'n Persoon kan net dit aan 'n ander persoon doen indien jy daardie persoon se **menslikheid** ontken.
- Met ander woorde, jy sien daardie persoon **nie as 'n volledig, volwaardige persoon nie.**
- Die persoon is nie 'n mens in haar eie reg nie, maar eerder 'n **middel tot 'n doel.**

Hopelik sal ons dit bietjie beter verstaan indien ons van 'n **beeld** gebruik maak. Dit is amper soos 'n persoon wat 'n **skaakstuk op 'n bord rondskuif**. Die pion of

skaakstuk is opsigself onbelangrik. Wat wel belangrik is, is dit wat jy deur die skaakstuk kan verkry.

Met ander woorde, die persoon is slegs belangrik omdat hy of sy 'n middel tot 'n doel is. En die doel kan dan

- siek <u>bevrediging</u> wees,
- om daardie persoon vir een of ander rede <u>te straf</u>,
- om jou <u>jaloesie</u> te bevredig,
- om mag en <u>beheer oor ander uit te oefen</u>.
- Of om daardie persoon te <u>verneder</u>.

Die punt bly egter staan – die enigste manier hoe dit kan plaasvind (dit waarvan ons in die koerante lees) is indien jy **<u>die ander persoon nie as 'n mens sien nie, maar slegs as 'n ding om te gebruik wat daarna weggegooi kan word.</u>**

**<u>Skriflesing:</u>**

***2.***

---

In die Bybel vind ons ook gevalle van mense wat die **<u>menslikheid van ander ontken.</u>** Hulle sien hulle slegs as 'n ***pion op hulle skaakbord wat opgeoffer en vernietig kan word***. Dit doen hulle sonder om te skroom solank hulle net in hul doel slaag. So 'n voorbeeld vind ons in Johannes 8: 2 tot en met Johannes 8 vers 11. Kom ons lees nou die teks saam.

**<u>Prediking:</u>**

***3.***

---

In hierdie bekende gedeelte is Jesus besig om mense **<u>by die tempel te leer en te onderrig</u>**. Daar het baie geluister na hom en elke dag het volgelinge en aanhangers net meer en meer geword.

Soos Jesus egter meer volgelinge gekry het, het hy ook ter selfde **<u>tyd vyande gemaak</u>**. Die teks gedeelte maak vermelding van fariseërs, skrifgeleerdes en

familiehoofde.  Die mans was die magtiges van daardie tyd.  Hulle het oor eer en posisie beskik.

En hulle wou Jesus uit die weg ruim.  Hulle wou hom om die lewe bring.  Daar bestaan hoofsaaklik drie redes hoekom hulle Jesus verpes het en hom dood wou maak.

- In Jesus se optrede en handeling het Hy **ver bo sy status opgetree**.  In die teks is Jesus, nikswerd en timmerman, besig om die hele volk by die tempel te leer. Dit het almal se sosiale kompas omver gegooi.  Jesus se optrede het wanorde in die samelewing gesaai.
- Die tweede rede waarom hulle Jesus wou dood maak is baie eenvoudig.  Soos Jesus meer populêr geraak het, **het hy meer en meer mense om Hom verenig en in die proses hulle by die Jodedom afgevat**.  In die oë van die magtiges was Jesus besig om hulle ondersteuners, hulle magsbasis, van hulle te steel.  Dit kon hulle nie duld nie
- Die derde en belangrikste rede hoekom hulle Jesus wou dood hê was omdat Jesus ŉ paar dinge gesê het wat hulle woedend gemaak het.  **Jesus het gesê Hy is die Seun van God.**  Hy is die Messias wat voorspel is.  In hulle oë was dit godslastering en dit is strafbaar met die dood.

***4.***

---

**En dan beraam hulle ŉ plan.**  Hulle sal vir Jesus ŉ lokval stel.

Indien Hy daarin sou trap sal Hy Homself **verdoem** en dan sal hierdie slinkse mense ŉ **definitiewe rede hê om ŉ saak teen Hom te maak** sodat hulle Hom uiteindelik dood kan laat maak.

Die plan wat hulle dan beraam **draai om ŉ vrou wat owerspel gepleeg het**.  Sy was op heterdaad betrap saam met ŉ man wat nie haar eggenoot is nie.  Hierdie vrou bring hulle voor Jesus sodat hy die oordeel oor haar moet vel.

**Verbeel net vir ŉ oomblik die situasie vir jou**.  Jesus is besig om voor ŉ groot groep mense te praat, m.a.w. Hy is in die publiek.  Met al die oë op Jesus storm ŉ groep mans in wat ŉ vrou agterna sleep.

- Sekerlik was haar <u>klere</u> geskeer.
- Sekerlik was daar <u>trane in haar oë</u>.
- Sy het sekerlik al ŉ <u>paar houe weg</u> en as sy geval het sou die mans haar geskop het.
- Die sou alles met haar gebeur terwyl sy <u>geweet het dat die dood op haar gewag het.</u>

Met die vrees en angs word die vrou voor Jesus neer gegooi.

***4.1***

---

Vanuit ons perspektief broers en susters klink die hantering en haar uiteindelike straf vir ons vreeslik **<u>wreed en oordadig.</u>** En dit is ook so. Sy ervaar nie net fisieke pyn nie, maar haar skande word ook voor die hele volk blootgelê. Sy staan voor al die oë met die wete dat sy alles gaan verloor. Nie net haar lewe nie, maar ook haar kinders.

Indien ons egter na die **<u>huwelik kyk met die oë van die mense van die Bybel sal ons miskien hierdie situasie bietjie beter begryp.</u>**

ŉ **<u>Huwelik</u>** in daardie tyd verskil toetentaal met ons verstaan van die huwelik. Ons trou gewoonlik vir **<u>liefde</u>**, en dit is ook terselfdertyd ŉ verbintenis slegs tussen daardie twee persone.

Die mense van die Bybel het egter nie getrou met liefde in gedagte nie. Die hoofrede hoekom mense getrou het was vir **<u>veiligheid</u>**. En dan was dit ŉ verbintenis of ŉ kontrak tussen twee uitgebreide families. Hierdie verbintenis tussen twee families het dan veiligheid gebring in terme van

- Getalle
- Ekonomiese invloed en reikwydte
- En veral in terme van kinders. Die kinders wat uit die verbintenis onstaan het, het die kontrak nog stywer getrek.

Met die agtergrond in gedagte kan ŉ mens verstaan hoekom owerspel so vreeslike sonde was. **Die oortreding het nie net die paartjie geraak nie maar beide die families wat gewoonlik die ganse dorpie was.**

Omdat die man se eer in die proses aangetas is kon daar ŉ **vete** (feud in Engels) onstaan tussen die verskillende groepe mense. Literatuur van daardie tyd vertel ons dat so ŉ vete tot die ganse vernietiging van beide families kon lei.

Daar is egter ook ŉ ander moontlikheid. In plaasvan dat die twee groepe mense in ŉ vete verval wat tot die uiteindelike vernietiging van beide gesinne kan ly, kon hulle net die oorsaak van die tweegeveg uit die weg ruim. **Indien hulle die vrou om die lewe bring word die oortreding skoongevee, word alle kontrakte en verbintenisse verbreek en word die eer van almal wat betrokke is herstel.**

Die hele proses is vir ons baie wreed, en dit maak dalk nie vir ons sin nie, maar vir daardie mense was dit so ŉ groot kwessie dat ŉ groot deel van **die tien gebooie op die saak fokus.** *Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie en jy mag nie vals teen ŉ ander getuig nie.* Die wete vas in plek om die gemeenskap te beskerm teen familievetes wat die gemeenskap onherstelbaar kon beskadig.

***5.***

---

En so word Jesus in ŉ baie moeilike posisies geplaas. As ŉ mens **Deuteronomium lees is dit baie duidelik.** Die vrou wat hulle voor Jesus gebring het moet om die lewe gebring word. En dan op die wreedste moontlike manier. Sy moet voor die oë van die hele volk gestenig word.

So plaas hierdie magtiges van Israel Jesus voor ŉ **dilemma.** Hulle voorsien dat Jesus eintlik maar net **twee opsies** het.

- **Indien Hy saamstem** dat die vrou skuldig is en dat sy gestenig moet word oortree hy die **wet wat duidelik stel dat jy nie mag moord pleeg nie**. En belangriker nog. Doen Jesus dit **weerspreek** Hy sy eie leer van vergifnis en versoening waar baie mense kan hoor en sien.

- Kies Hy egter om **<u>haar nie te oordeel nie en haar vry te laat oortree Jesus die wet van Moses waarvan ons lees in Deuteronomium.</u>**

Met ander woorde, hierdie mense stel Jesus **<u>voor ŉ situasie waarin Hy nie kan wen nie. Maak nie saak wat Hy antwoord nie – Hy verdoem Hom self</u>**. ŉ Mens kan amper die gesigte van hierdie mans verbeel. Hulle was baie in die skik met hulle self oor die lokval wat hulle vir Jesus gestel het.

***6.***

---

Maar kyk net hoe ontlont Jesus die situasie. Waar die fariseërs en familiehoofde net twee moontlike uitkomste sien, waar Jesus homself in beide gevalle verdoem, sien Jesus ŉ **<u>derde moontlikheid</u>**.

**Hy kies ŉ roete wat die manne op hul neuse laat kyk, Sy eie eer en posisie beskerm, maar die belangrikste van alles – die lewe van die vrou red.**

Plaasvan om in hul lokval te trap **<u>buk hy eenvoudig en begin met Sy vinger in die grond skryf.</u>** Dit is amper asof die groep wat om Jesus saamdrom nie begryp wat Jesus doen nie. Hulle verstaan nie wat Jesus op die grond skryf nie. Maar nog steeds hou hulle aan met hulle aanval op Jesus. Dan kom Hy rustig op en sê vir hulle: *"laat die een wat ŉ skoon gewete het die eerste klip op haar gooi"*. En nog steeds verstaan hulle nie. Dit is amper asof hulle oë en ore toe is vir Jesus se woorde. Weer buk hy af en Hy skryf verder in die grond. Terwyl hy nog so skryf begin die fariseërs en familiehoofde een vir een weg loop.

Die teks vertel ons nie wat Jesus op die grond geskryf het wat die groep mense so geskok het nie. Daar word egter vermoed dat Jesus elkeen **<u>van hulle eis sondes op die grond neer geskryf het waar almal dit kan sien</u>**. In **<u>Matteus 23</u>** lys Jesus van hierdie sondes. Hy sê byvoorbeeld dat hulle **<u>swaar en ondraaglike laste saambind en op die skouers van ander sit</u>**, maar self wil hulle nie ŉ vinger verroer nie.

Op hierdie aangryplike manier wys Jesus aan die mans wat die vrou van owerspel aankla **<u>dat nie een van hulle sonder sonde is nie</u>**. Nie een van hulle het ŉ skoon gewete nie.

Eweskielik begin die hulle omdraai omdat Jesus nie net uitoorlê het nie, maar veral omdat **hulle nie hulle eie geraamtes in die publiek wil laat uitkom nie**. Net soos die vrou het hulle ook sonde gepleeg en het hulle skandes wat niemand van mag weet nie.

***7.***

---

Die vertelling eindig dan met Jesus wat weer regop kom. Net hy en die vrou het agter gebly. En dan vra hy vir haar (en let op met hoeveel respek Jesus dit doen) : ***"mevrou, waar is hulle? Het nie een die oordeel oor jou voltrek nie"*** En dan antwoord sy ***"Niemand nie".***

En dan vind ons die pragtige woorde van Jesus wat getuig van al sy liefde en genade wat Hy vir sondaar mense het. Jesus sê toe vir haar: *"**Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moenie verder sonde doen nie."***

Gemeente: Hier vind ons 'n **ongelooflike troosboodskap.** In Jesus se woorde word ons weer opnuut verseker dat ons soos die vrou nie veroordeel sal word nie. Maak nie saak wat ons sonde is nie – Jesus sê aan elkeen van *ons "waar die wêreld jou elke dag van jou lewe veroordeel sal Ek dit nooit doen nie. By My kry jy aanvaarding, vergifnis en vryheid".*

Daarom kan ons nie anders as om gehoorsaam te wees aan Jesus nie. Jesus lê dit op die hart van die vrou dat sy **nie meer verder moet sondig nie, so moet ons as gevolg van die groot vergifnis en genade en vergifnis nie verder sondig nie.**

Die genade en liefde waarvan ons nou gehoor het was vanoggend ook aan die Nagmaalstafel weer opnuut bevestig. Jesus sê aan elkeen van ons: Ek veroordeel jou nie. By my vind jy net vergiffenis en liefde. Die kruis, die brood, die wyn is bewys daarvan. Staan dan nou van die tafel op, gaan voort met jou lewe. Jy moet egter jou uiterste bes doen om uit dankbaarheid reg te lewe – jy moet poog om nie verder te sondig nie.

***8***

---

Afgesien van die ongelooflike boodskap, wat die middelpunt van ons geloof is, wil ek nog ŉ boodskap by julle agterlaat en daarmee wil ek afsluit.

Aan die begin het ek vra **<u>hoe dit moontlik is vir ŉ persoon om ŉ ander geheel en al te vernietig?</u>** Wat moet in ŉ mens se kop aangaan om dit te doen? Toe het ek gestel dat ŉ mens dit net kan regkry indien jy daardie vrou, of kind, daardie swakke of afhanklike **<u>se menslikheid ontken</u>.** Dit is slegs moontlik indien jy daai **<u>persoon slegs as ŉ middel tot ŉ doel sien, as pion op jou skaakbord om te vernietig en weg te gooi</u>**.

Die redenasie het ons by hierdie groep mans gesien wat die vrou voor Jesus gebring het.

- Sy het niks vir hulle beteken nie.
- Sy was slegs maar ŉ middel tot ŉ doel.
- Sy was die manier waarop hulle Jesus wou bykom.
- Of sy nou gesterf het of nie was onbelangrik.
- Met ander woorde: **<u>sy was die pion wat hulle kon vernietig en weggooi</u>**.
- Eenvoudig gestel.. Hulle het haar menslikheid ontken.
- In hulle oë was sy nie ŉ mens nie. Sy was nie ŉ eggenoot nie, sy was nie ŉ ma, ŉ sussie, ŉ dogter nie.
- Sy het nie ŉ verlede gehad nie, sy het nie gehoop en gevrees en verlang nie.
- Sy het nie gestreef na iets beters nie.
- Nee, in hulle oë was sy niks nie. En daarom kon hulle aan haar doen wat hulle wil.

Jesus aan die ander kant kyk verby die uiterlike. **<u>Hy sien nie haar oortreding en skande raak nie, maar die mens wat agter al die uiterlike goed skuil.</u>**

- Hy sien haar as mens raak. As lewende wese wat die kapasiteit het om lief te hê, wat kan hoop, wat kan vergewe en wat tot inkeer kan kom.

En omdat Hy haar sien, **<u>werklik sien, as mens, as skepsel van God, wat die beeld van God uitdra, hanteer Jesus haar op ŉ menswaardige manier.</u>**

Vir Jesus is sy nie net ʼn middel tot ʼn doel nie wat gebruik en weggegooi kan word nie. **Nee, sy is die doel opsigself.** Sy is ʼn kind van God en daarom verdien sy, maak nie saak wat sy gedoen het nie, om op ʼn menswaardige manier hanteer te word. Daarom hanteer Jesus die vrou anders.

***9.***

---

Gemeente

Jesus sien die vrou as ʼn kind van die Here. Hy sien die nie net die sonde raak nie maar ook die mens. **So beskou die Here ook elkeen van ons – ons menswaardigheid word erken.** Kom ons staan dan vandag op, kom ons loop vandag uit die kerkgebou en mag ons elkeen met die hulp van die Here elkeen met menswaardigheid hanteer. **Mag mense nie net ʼn middel tot ʼn doel wees nie maar die doel opsigself.** Kom ons maak die kopskuif – elke persoon het waarde. Net dalk sal ander mense ons voorbeeld sien en so verander ons die land bietjie vir bietjie.

Amen